

Maandelikse Bybel Bespreking

Alles in Dankbaarheid: Om nuut te sien

Laurika Rauch se woorde, “Vergeet om te vergeet, onthou om te onthou”, raak iets besonders aan van die wese van dankbaarheid. Dalk is dankbaarheid ’n gevoel wat minder vanself kom, en meer ’n manier van kyk.

Volgens die HAT is dankbaarheid ’n gevoel van erkentlikheid of waardering wat met tevredenheid saamhang. Sielkundige navorsing voeg iets belangriks by: ‘Dankbaarheid ontstaan wanneer ons raaksien dat iets goeds nie bloot “vanself” daar is nie, maar ontvang is’. Dit het dus ’n bron — ’n gawe, ’n mens, ’n verhouding, Iets buite onsself.

Ons raak te vinnig gewoond. Wat eens besonders was, word normaal: ’n huis, gesondheid, werk, ’n vriendskap, huweliksmaat, kinders, selfs ’n gemeente. Ons kyk maklik verby hierdie gewone wonders, en begin dit sien as “verwagtings“. ’n Wêreld wat ons voortdurend leer om te vergelyk, beoordeel en tekortkominge raak te sien, maak dit nog moeiliker om met waardering te kyk.

Tog wys navorsing dat dankbaarheid saamhang met groter welstand, positiewe emosie en lewenstevredenheid; selfs eenvoudige dankbaarheidsoefeninge toon klein maar betekenisvolle voordele. In verhoudings help dankbaarheid ons ook om die goeie in ander weer raak te sien en bande te versterk.

Vir ’n Christen gaan die bron nog dieper: die besef dat die Almagtige God Hom oor ons ontferm het, dat lewe en genade ontvang is. Dáároit groei nie net ’n “dankie” nie, maar ’n lewe van gehoorsaamheid. Dankbaarheid begin dus dalk hier: kyk weer.

Ontvang. Onthou. Sien nuut.
Andrè

Tema vir die Maand

Alles in Dankbaarheid: Onthou en Kies

Deuteronomium plaas Israel op ’n interessante plek: tussen die woestyn en die Beloofde Land. ’n Mens sou dink die gevaar lê agter hulle. Tog waarsku Moses juis oor die voorspoed wat voorlê.
“Jy sal eet en versadig word en die HERE jou God prys oor die goeie land wat Hy aan jou gegee het.”
— Deuteronomium 8:10, Die Bybel 2020-vertaling (AFR20). Direk daarna volg die waarskuwing:
“Wees versigtig dat jy nie die HERE jou God vergeet …”(— Deuteronomium 8:11, AFR20, verkorte woordelikse aanhaling)
Die gevaar van die Beloofde Land is dat seën later vanselfsprekend kan voel.

Dit kan ook met ’n gemeente gebeur. Om in ’n vreemde land ’n geloofsgemeenskap te hê waar mense jou taal praat, jou naam ken, saam aanbid, dien en omgee, is ’n besondere gawe. Maar ons kan selfs aan ’n gawe gewoond raak.

Die Heidelbergse Kategismus plaas daarom die Christelike lewe ná ellende en verlossing onder dankbaarheid. Vraag 86 sê dat Christus ons deur sy Gees vernuwe sodat ons *“met ons hele lewe”* ons dankbaarheid aan God bewys.

Dankbaarheid verdien nie genade nie; dit is die antwoord op genade. Daarom word dit ook ’n keuse: *“Kies dan die lewe …”* — Deuteronomium 30:19, AFR20, verkorte woordelikse aanhaling

Om dankbaar te wees is: Om te onthou. Om te gehoorsaam. Om deel te neem. Om die gawe weer raak te sien.



Ontvang. Onthou. Leef dankbaar.

Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

IN HIERDIE UITGAWE

TIENER NAWEEK
SA HAPPIE KUIER
TIENER NAWEEK TERUGVOER
DANKIE
EVERY LITTLE BIT HELPS
KONTAK ONS



Jy's Uitgenooi!

Kom deel in 'n onvergeetlike Tienernaweek
vol lofprysing, vriendskap, speletjies en ware ontmoeting met God.

16-18 Oktober 2026
Oakwood Youth Challenge, RG40 3DA
Bring jou energie, jou vrae, jou vriende — en jou hart wat oop is vir wat God wil doen.
Ons sien uit om hierdie betekenisvolle naweek saam met jou te beleef.

Bespreek sommer dadelik jou plek

SA Happie Kuier







SA Gunsteling Happies



Sjokolades en koekies





Peppermint Crisp Tert

Gesellige saamkuier

SA Happie Kuier



koeksisters



Koffie kœkies

Provita's





Piesangbrood





Mieliepap en Boerewors stokkies

Tiener Naweek





















Ouer Terugvoer:

Dalien: Eddie is altyd tog so opgewonde oor ’n “sleepover” – hy leef daarvoor! 😊 Hy het baie moeg, maar baie opgewonde, by die huis gekom en kon nie wag om te vertel van die nuwe vriende, lekker kos en Bybelgesprekke nie.

Baie dankie vir ’n wonderlike kamp en vir die liefde, tyd en moeite wat julle in die kinders belê het! ❤️

Tiener Naweek









Benjamin- Wat eers in Nederland in die skool was sê- Dit was lekker om met meede afrikaaners still te wort bij die Here.Ek het nuwe friend gemaak en geestelijk gegroei. Die kos was baie lekker en die kampleiers was freeselyk vriendelyk en het ons laat tuis voel. Ek het ook die rugby what ons gespeel het en gekuik het baie geniet. Ek is definetief volgende jaar weer daar.






Tiener Naweek









Annelay: My time at church camp was so much fun and I have once again learned so much.
I loved seeing my friends who I haven't seen since last years camp, and I have made so many new friends.
At church camp I felt more connected to God and I learned new things about the Bible and how God's disciples had so much trust in him just as we should have.
Church camp was a very good experience and it was even better than last year.
I'm very thankful for everything we've received at camp and that all of the leaders and adults were so nice, they made such a big effort to look after us. I can't wait for next year!!!













SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Tiener Naweek













Katherine: "The people were so welcoming and cared for us very well. I enjoyed the great food and the friends that I have made. The sessions were very enlightning and I feel more spiritually connected."



Tiener Naweek













Eddie: I went to the Teen Camp a few weekends ago and I had a really great time. We got to sleep a little later than usual, eat lots of good food — including biltong and droëwors — and I made some really good new friends.

There were lots of fun activities, like the high ropes, and we even got to watch a rugby match. But we also spent time learning more about the Bible. One of my favourite parts was sitting around the campfire learning about Moses.

I really enjoyed spending time with everyone, having fun, making friends and learning about God at the same time.

I would definitely recommend the camp to anyone thinking about going next year. You get to have lots of fun, make new friends and learn more about the Bible — so I'm already looking forward to going again!









Tiener Naweek





Helenè -Teenage Church Camp Highlights. This year's camp was full of late-night cabin chats, way too much good food, and activities that kept everyone smiling from sunrise to sunset. The girls' cabin definitely didn't stick to "lights out", but the laughter made it worth it. It was amazing seeing friends from last year – the kind of reunion that feels like no time has passed at all. With great memories, new friendships, and plenty of stories to take home, everyone's already excited and definitely going again next year.





faith hope





DANKIE....

'n Man het besluit om sy vrou en kind na die sirkus te neem. Terwyl hulle in die ry staan en wag om kaartjies te koop, sien hy 'n paartjie voor hom in die ry met hulle vyf kinders wat ook wag om kaartjies te koop. Die kinders was duidelik opgewonde, en aan hulle kleredrag kon hy sien dat hulle finansieel swaar kry. Maar wat hom die meeste getref het, was die kinders wat met verwondering na alles staan en kyk.

Kort-kort het die een vir die ander iets uitgewys, die gesiggies het gestraal, die ogies het geskitter blink, en die glimlaggies het amper reg om die gesiggies gegaan. Hulle het gebewe van opgewondenheid. Die man vertel dat hy geglo het, dat dit die eerste keer in hulle lewens was wat hulle sirkus toe gekom het.
Na 'n hele rukkie se wag, was dit hulle beurt om hulle kaartjies te koop, en die man het gevra vir kaartjies vir hom, sy vrou en vyf kinders.

Die dame in die hokkie het vir hom die bedrag gesê, en die uitdrukking op sy gesig het verklap dat hy baie duidelik nie genoeg geld vir al die kaartjies gehad het nie. Hy het omgedraai en iets vir sy vrou gefluister, en die teleurstelling op haar gesig het boekdele gespreek.

Die man sê hy het blits vinnig drie note uit sy sak gehaal en dit in die gras laat val. Toe buk hy en tel dit op en sê vir die paartjie voor hom: Verskoon my, ek sien julle het hierdie geld laat val.

Die paartjie het omgedraai, en vir die man gekyk. Hulle het sy hand gegryp, en met dankbare oë vol trane vir hom gesê: Dankie Meneer- mag die Here jou ryklik seen. Hy sê hy het so klein gevoel voor soveel dankbaarheid.
Die man vertel hy het in sy lewe nog nooit soveel dankbaarheid beleef nie. Hy sê hy kon niks onthou wat daardie aand in die tent gebeur het nie, al wat hy voor hom gesien het, was hierdie blink oë, en dankbare gesigte.

Kom ons begin meer dankie sê: Dankie vir jou man of vrou wat jou koffie in die oggende bring, want dit beteken daar is koffie, melk en suiker in die huis.

Dankie vir die kinders se lawaai vroegoggend want dit beteken ons kan hoor.

Dankie vir die mooi dag en natuur skoon daar buite, want dit beteken ons kan sien.

Dankie dat ek moet opstaan en bad, want dit beteken ek het 'n werk waarheen ek op pad is.

Dankie vir my werk, daar is so baie wat nie het nie.

Dankie Here vir al die baie seëninge, maar die grootste dank aan U vir nog 'n genade kans.

Ons het eers werklik 'n goeie daad gedoen, as ons iets gedoen het vir iemand wat ons nooit kan terugbetaal nie.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

Every little bit helps

On a crisp Sunday morning, my four teenage children and I sat in our usual place in church. As the pastor went through the weekly announcements, the five of us thumbed through our church bulletins.
We all looked up when he announced that the church had selected a needy family to support for the upcoming Harvest Festival. He encouraged generosity and asked everyone to bring non-perishable items to the Wednesday night Bible study. One of my children leaned over and whispered to the others, "Gosh, there's somebody worse off than us."

Those words from my son Mike pierced my heart. As a single mother of four I struggled every week to make ends meet. We lived in subsidized housing, and although I had a job, things were at an all-time low.
To make matters worse, the Department of Health and Welfare had recently determined that my income was too high for us to continue receiving assistance. Even though our situation was desperate, the Lord continually reminded me of His Word, and that was what we clung to.
Because we knew what hardship felt like, we understood the needs of this Harvest Festival family – and we wanted to help.
We searched our cupboards and found dry goods from the food subsidy program: the usual rice and cornmeal packages. We had two cans of tuna and decided to give one. I imagined this family making a tuna casserole, just as we often did. We added a can of evaporated milk and a few other small items. It wasn't much, but we poured our hearts into that bag and felt excited to share what little we had.
We placed our nearly full bag in the church foyer and I went on to Bible Study and Prayer.

Later that evening, after I arrived home, the doorbell rang. My son Michael answered and called out, "Hey Mom, here are some guys here from the church!"
I went to the door and saw three men – and behind them, a pickup truck filled with brown grocery bags. They carried bag after bag into my kitchen, covering the counters and the floor.

The needy family was us.
Later that night, as I put the food away, I found our own bag – the rice, the cornmeal, the evaporated milk, and that precious can of tuna. The Lord had multiplied our giving. It felt as though I was looking at baskets of loaves and fishes.

What a Harvest Festival we experienced that year. What a wise, faithful, compassionate God we serve. How comforting it is to know that God knows our needs – present and future. And because He knows, we can trust Him when He says:
"Before they call I will answer; while they are yet speaking, I will hear." – Isaiah 65:24 (NIV)

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

KALENDER

4 OKTOBER HUISKERK 9 UUR

11 OKTOBER EREDIENS 9 UUR

18 OKTOBER HUISKERK 9 UUR

25 OKTOBER EREDIENS 9 UUR

Mag jy.....

Mag jy altyd werk vir jou hande hê!

Mag jou beursie altyd 'n muntstuk bevat!

Mag jy 'n huis hê met 'n venster waardeur die son skyn!

Mag daar altyd 'n reënboog ná jou reënbui wees!

Mag die hand van jou vriend nooit te veel wees nie!

Mag God jou oë oopmaak vir jou naaste se nood!

Mag Sy Blydskap altyd jou hart vul!

Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

Dankoffers.
Hoe kan jy 'n bydra maak?

Jy kan 'n *Standing order* op jou bankrekening opstel. Gebruik onderstaande bankbesonderhede.

Om 'n direkte inbetaling te maak- gebruik die bank besonderhede:

SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265
Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en ons wyk (Theydon Bois).

Give a Little: Skandeer die QR kode of kliek op die skakel en volg die instruksies.
https://givealittle.co/c/L79juvHMn7sZswLQ5eyOc

Erediens Tye
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

Adres:
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

Onthou om 'Ja' te merk by gift aid

Baie dankie vir jou bydra. Jou ondersteuning maak dit moontlik om ons roeping uit te leef en 'n verskil in ons gemeenskap te maak.

Kontak Ena



Kontak ons:

Webblad: noordwyk.sagemeente.com

Facebook Blad: SA Gemeente Loughton

Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com